AANHANGSEL E

KONTROLELYS VIR VERKLARINGS RAKENDE SEKSUELE MISDRYWE

Let asseblief daarop dat die kontrolelys slegs as 'n riglyn gebruik moet word en dat dit die verantwoordelikheid van die ondersoekbeampte bly om 'n volledige verklaring in elke saak af te neem.

Item	Besonderhede
1	Neem die verklaring af in paragraafvorm.
2	Moenie die slagoffer voorsê nie - dit moet sy of haar eie verklaring wees. (Moet nooit leidende vrae stel nie.)
3	Volle name (nooiensvan, indien van toepassing) - Ouderdom en geboortedatum - Identiteitsnommer - Beroep - Huis- en posadres - Telefoonnommer en kode - Plek van werk, indien van toepassing - Selfoonnommer - Faksnommer
4	Besonderhede van gebeure wat die voorval vooraf-geloop het. (Dit sal afhang van die omstandighede en daar sal in sommige gevalle meer inligting wees as in ander.)
5	Beskryf die misdaadtoneel voor die aanval.
6	Beskryf die slagoffer se kleredrag, asook die slagoffer volledig (dit kan die forensiese identifikasie van hulp wees).
7	Beskryf die ander slagoffers (indien daar meer as een slagoffer betrokke was).
8	Dag en datum. Spesifiseer die dag van die week.
9	Verkry uitsluitsel oor die tyd - hoe het die slagoffer geweet hoe laat dit was?
10	Beskryf, indien moontlik, enige roete wat die slagoffer voor die aanval geneem het.
11	Getuie - enige bekend aan die slagoffer, beskryf ander getuies en meld hulle name (indien moontlik), getuies kan die slagoffer met die verdagte verbind.

Item	Besonderhede
12	Hoe die verdagte die slagoffer benader het.
13	Hoe die verdagte beheer oor die slagoffer behou het.
14	Indien dwangmiddels gebruik is, het die verdagte dit saam met hom of haar gebring of het dit aan die slagoffer behoort?
15	Wapens, ens. wat gebruik, vertoon en vermeld is.
16	Presiese woorde wat die verdagte gebruik het. Gebruik direkte rede.
17	Presiese woorde wat die slagoffer teenoor die verdagte geuiter het. Gebruik direkte rede.
18	Indien daar meer as een verdagte is, identifiseer elkeen kortliks deur een of ander onderskeidende kenmerk, soos ‘n snor, merk aan die gesig, kleur van ‘n hemp.
19	**Besonderhede van enigiets wat die verdagte op die toneel agtergelaat het.**
20	Beskryf enigiets wat die verdagte aangeraak het.
21	Het die verdagte ‘n ontsnappingsroete gereed gehad voor die aanval?
22	Beskryf die slagoffer se gemoedstoestand gedurende die voorval. Wat het die slagoffer gedink of gevoel ten opsigte van elke gebeurtenis wat plaasgevind het?
23	Dreigemente wat deur die verdagte gemaak is - presiese taal.
24	Het die slagoffer enige weerstand gebied? Sluit redes vir weerstand of geen weerstand in.
25	Indien die slagoffer weerstand gebied het, verduidelik die verdagte se reaksie daarop (spraak, gesigsuitdrukkings, fisiese reaksie).
26	Het die verdagte die slagoffer in enige bepaalde fisiese posisie ingedwing?
27	Het die verdagte foto’s van die slagoffer geneem?
28	Beskryf indien en hoe klere verwyder is en deur wie, asook in watter volgorde - waar die klere neergesit of gelaat is.
29	Is die slagoffer gedwing om enige bepaalde kledingstuk aan te trek?
30	Is hierdie artikels deur die verdagte na die toneel gebring?
31	Id enige klere deur die verdagte gesteel?

Item	Besonderhede	
32	Het die verdagte die slagoffer gedwing om enige bepaalde woorde of sinne tydens die aanval te gebruik?	
33	Beskryf die seksuele aanranding volledig. Beskryf die dade. Het die slagoffer enige keuse gehad?	
	Oorweeg: Aanraking Soen	 Waar en deur wie; Slagoffer deur verdagte Verdagte deur slagoffer. Verdagte deur slagoffer Slagoffer deur verdagte.
	Gebruik van instrumente	Vreemde voorwerpe gebruik of in vagina, anus, ens geplaas.
	Vingerpenetrasie	In vagina of anus
	Fetisjisme	Spesifieke aantrekking/versoek vir bepaalde voorwerp (klere/parfuum/baba-olie)
	Afloerdery	Loer ‘n spesifieke daad af (bv verdagte kyk hoe slagoffer masturbeer)
	Cunnilingus	Mond op vagina
	Seksuele sadisme	Slaan, brand, slaan met ‘n sweep, byt, draai borste, versmoring (verstrengel) totdat die slagoffer bewusteloos is, pynlike aanhouding (vasgebind)
	Annullingus	Lek anus
	Urinering	Urineer op slagoffer
	Ontlasting	Ontlas menslike afskeiding (stoelgang) op slagoffer
	Bestialiteit	Gedwing om seksuele daad met ‘n dier uit te voer.
34	As seksuele omgang plaasgevind het, beskryf presies hoe die slagoffer gevoel het (dwang, vrees, bedrieg)	

Item	Besonderhede
35	Hoe die penis die vagina (of ander opening) gepenetreer het - posisie van liggame - posisie van hande - posisie van bene
36	Het die verdagte ‘n ereksie gehad?
37	Is enige smeermiddel gebruik?
38	Was die verdagte besny?
39	Het die verdagte probleme ondervind om ‘n ereksie te kry of dit te behou of het hy prematuur geëjakuleer?
40	Is die slagoffer gedwing om die verdagte met die hand te masturbeer sodat die verdagte sy ereksie kan behou of bereik?
41	Het die verdagte geëjakuleer? Hoe het die slagoffer geweet die verdagte het geëjakuleer?
42	Het die verdagte enigiets gebruik om sy penis af te vee na die misdryf gepleeg is?
43	Het die verdagte enigiets gedoen om te voorkom of te verhoed dat semen agtergelaat word, bv die slagoffer gedwing om te was, die slagoffer se skaamhare gekam, ‘n kondoom gebruik?
44	Indien sneesdoekies gebruik is, wat het daarvan geword? Waar het dit vandaan gekom?

Item	Besonderhede
45	Indien orale seks plaasgevind het, het die slagoffer die semen uitgespoeg of vomeer? Indien wel, waar?
46	Het die verdagte die slagoffer aangesê of gedwing om enige dwelmmiddels of medikasie of alkohol te neem?
47	Was daar enige tekens van bloeding? Beskryf of dit op die slagoffer of die verdagte of die misdaadtoneel was.
48	Indien ‘n aantal seksuele dade uitgevoer is, beskryf die presiese posisie waarin dit gepleeg is en die taal wat die verdagte voor, tydens en na hierdie dade gebruik het.

Item	Besonderhede
49	Enige bepaalde dreigemente wat aan die slagoffer gemaak is om nie die misdryf aan te meld nie. Die presiese woorde wat gebruik is, moet vermeld word.
50	Enige handeling of woorde wat gebruik is om te voorkom dat die slagoffer nie die verdagte moet herken nie.
51	Het die verdagte stappe gedoen om te voorkom dat hy of sy vingerafdrukke agterlaat.
52	Is enige eiendom van die slagoffer geneem om die verdagte te help om hom of haar weer op te spoor? Is dit gedoen in ‘n poging om te voorkom dat die slagoffer die voorval aanmeld? Is dit spesifiek aan deur die verdagte genoem?
53	Het die verdagte voorgestel dat hulle weer moet ontmoet? Bespreek volledig.
54	Was die verdagte nuuskierig oor die slagoffer se lewe, familie of vorige verhoudings, seksueel of andersins?
55	Het die verdagte die slagoffer enigsins gekomplimenteer?
56	Het die verdagte verskoning gemaak vir wat hy gedoen het of om verskoning gevra?
57	Het die verdagte enige melding gemaak van die polisieprosedure?
58	Hoe is die aanval beëindig?
59	Hoe het die slagoffer die toneel verlaat?
60	Hoe het die verdagte die toneel verlaat? Was dit te voet, per motor of fiets?
61	Het die slagoffer vir enigiemand vertel en wanneer het hy of sy dit gedoen?
62	‘n Volledige beskrywing van die verdagte(s) van kop tot tone.
63	Sluit ‘n beskrywing in van die verdagte se klere. Dit mag nodig wees om te meld wat die verdagte nie aangehad het nie, bv ‘n baadjie.
64	Het die verdagte ‘n taal gepraat wat aan die slagoffer bekend is? Verduidelik.
65	Het die verdagte ‘n aksent gehad? Verduidelik, indien moontlik.
66	Het die slagoffer die verdagte geken? Indien wel, meld besonderhede. Sal die slagoffer die verdagte kan uitken?
67	Hoe is die voorval by die Polisie aangemeld?

Item	Besonderhede
68	Toestemming van die slagoffer om die toneel of sy of haar eiendom te deursoek en om artikels as bewysstukke en vir forensiese ondersoek te verwyder.
69	Bespreek volledig alle eiendom waarop beslaggelê is, insluitende reeksnommers, kleure, grootte, identifikasiemerke.
70	Laat die slagoffer toe om enige eiendom wat deur die verdagte op die toneel agtergelaat is, formeel te identifiseer.
71	Beskryf al die beserings wat die slagoffer opgedoen het.
72	Sluit die feit in dat die slagoffer nie toestemming verleen het nie, selfs al is dit ooglopend.
73	Meld die afwesigheid van toestemming vir die verwydering van enige eiendom van die slagoffer deur die verdagte.
74	Is die slagoffer bereid om die hofverrigtinge by te woon?
75	Maak seker dat die slagoffer die verklaring deeglik deurlees en dat dit op al die regte plekke onderteken is.
76	Wanneer was die laaste keer wat die klaer seksuele omgang gehad het? Indien dit binne 72 uur voor die voorval was, word kontrolebloedmonsters van al die seksmaats benodig.
77	Meld dat die slagoffer toestemming verleen het dat op artikels beslaggelê kan word vir forensiese toetse en dat die slagoffer besef dat die artikels tydens die forensiese ondersoek beskadig kan word.